GRATIS CD'S

Hy's hiér! Sien **Josh Groban** in aksie . . .
- **16 Maart** Greyville-resiesbaan, Durban
- **18 Maart** Oliewenhuis Homestead & Estate, Bloemfontein
- **20 Maart** Vergelegen-landgoed, Kaapstad
- **26 Maart** Coca-Cola Dome, Johannesburg

10 SARIE-lesers kan elk 'n Josh Groban-CD wen. 5 CD's elk van sy albums, ***Awake*** en ***Closer***, word weggegee. SMS die woord JOSH (sonder leestekens), gevolg deur jou naam, van en adres na 34687. ('n Tarief van R2 per SMS geld.) Sluitingsdatum: 7 April 2008. Wenners sal nie later nie as 9 April 2008 per SMS in kennis gestel word.

Josh Groban

my inspirasie dinge

Saamgestel deur **Lou-Ann Stone**

om te sien, om te proe, om te droom . . .

Stil-sterk, slim en sexy. Nee, dis nie George Clooney nie, dis BMW se 6-reeks, wat bietjie plastiese chirurgie gekry het. Ja, die **koepee en afslaandak** van die reeks is albei net so **onweerstaanbaar** soos die heer Clooney. Vir die meeste van ons ook seker net so onbereikbaar! Die 650i het **alle eienskappe** waaraan jy kan dink en boonop waarsku hy jou as jy uit jou baan op die snelweg sou beweeg. **Beslis slim.** Nog iets nuuts is die **behandelde sitplekke** wat die warm sonstrale inhibeer sodat jou sitplek nie so warm raak as jy in die son parkeer nie. Die prys is 'n minder sexy R850 000 vir die koepee en R933 500 vir die afslaandak. (Gelukkig kos dit niks om te droom nie.)

Alida Vos

Droomrit

Foto's The Pot Place, Rodger February, Cathy Pinnock/ Yip Photography, Christian Lantry



Tuinroete-plesier

Hoe klink *"Tickled by a Feather"*, *"Kissing Behind the Mountain"* en *"Concubine's Whisper"*? Die beste van als is, jy kan dit éét. Dis net 'n paar van **fu.shi** in Plettenbergbaai se watertanddisse. Die soesji is prentjiemooi en die smaak gee jou 'n gevoel van fu.shi (geluk en voorspoed). Die kombinasies is avontuurlik en gesofistikeerd. Voeg hierby lekker wyn, goeie diens en dekor soos die vistenk met eksotiese gestreepte en gekolde kreature, en agtergrondmusiek wat jou siel streel. Vir meer inligting skakel 044 533 6497 of stuur 'n e-pos na reservations@fushi.co.za of besoek die webtuiste by www.fushi.co.za.

Marguerite van Wyk

PLEK VIR 'N POT

Verskeidenheid. Dis wat The Pot Place jou bied. Kies uit klassieke glasvesel-kruike (vanaf R2 730), moderne sementpotte (vanaf R650) of selfs handgemaakte Zoeloe-keramiekpotte (vanaf R2 865). Skakel 011 462 2609 vir meer inligting.